SCHEDULING STATUS: S0

PROPRIETARY NAME (AND DOSAGE FORM):

ACIDOGEL RESMED Suspension

COMPOSITION: Each 5 ml contains:

Magnesium Trisilicate	250 mg
Magnesium Carbonate Levis	250 mg
Sodium Bicarbonate	250 mg

Preservative:

Methyl Hydroxybenzoate 0,1% m/v

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION:

A11.4.1 Antacids - acid neutralisers

PHARMACOLOGICAL ACTION: Acid neutralising

INDICATIONS: For the relief of acid indigestion, heartburn, hyperacidity and gastritis.

CONTRA-INDICATIONS: Patients with impaired renal functions.

Sensitivity to any of the ingredients.

WARNINGS: Do not use this product if you are on a sodium restricted diet, or suffer from hypertension, or heart failure, except under supervision of a doctor. Do not use this product if you have kidney disease except under the advice and supervision of a doctor.

DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE:

Adults: Two medicine measures (10ml) three times a day.

Children (6- 12 years): One medicine measure (5ml) three times a day or as directed by a doctor.

Do not exceed the recommended dosage.

Do not use the maximum dosage of this product for more than 2 weeks, except under the advice and supervision of a doctor.

SIDE-EFFECTS AND SPECIAL PRECAUTIONS:

Magnesium Carbonate and Magnesium Trisilicate:

May cause diarrhoea. Release of carbon dioxide may cause discomfort. Hypermagnesaemia may occur if renal function is impaired. May interfere with absorption of other medicines if taken concomitantly.

Sodium Bicarbonate: Can cause stomach cramps and flatulence.

KNOWN SYMPTOMS OF OVERDOSAGE AND PARTICULARS OF ITS TREATMENT: See “Side-effects and Special Precautions”

Treatment is symptomatic and supportive.

IDENTIFICATION: A white suspension with characteristic peppermint taste and odour.

PRESENTATION: 100ml, 200ml, 350ml, 500ml and 2,5l plastic containers.

STORAGE INSTRUCTIONS: Store below 25°C.

KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN.

REGISTRATION NUMBER: E/11.4.1/1263

NAME AND BUSINESS ADDRESS OF APPLICANT:

Resmed Healthcare,

71 Rochdale Road, Springfield Park, Durban, 4051

DATE OF PUBLICATION OF THIS PACKAGE INSERT: 20/01/1994

SKEDULERINGSTATUS: S0

EIENDOMSNAAM (EN DOSEERVORM):

ACIDOGEL RESMED Suspensie

SAMESTELLING: Elke 5 ml bevat:

Magnesiumtrisilikaat	250 mg
Ligte Magnesiumkarbonaat	250 mg
Natriumbikarbonaat	250 mg

Preserveermiddel:

Metielhidroksiebensoaat 0,1 % $^{m}/_{v}$

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE:

A 11.4.1 Teensure - suurneutraliseerders

FARMAKOLOGIESE WERKING: Suurneutraliseering.

INDIKASIES: Vir die verligting van slegte spysvertering, sooibrand, hiperasiditeit en gastritis.

KONTRA-INDIKASIES: Pasiënte met belemmerde nierfunksies.

Sensitiwiteit vir enige van die bestanddele.

WAARSKUWINGS: Moet nie hierdie produk neem indien u ‘n natriumbeperkende dieet volg, of aan hoë bloeddruk, of harversaking ly nie, behalwe onder toesig van ‘n geneesheer. Moet nie hierdie produk neem indien u ‘n niersiekte het nie, behalwe op advies en onder toesig van ‘n geneesheer.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:

Volwassenes: Twee medisynemate (10 ml) drie maal per dag.

Kinders (6 - 12 jaar): Een medisynemaat (5 ml) driemaal per dag of soos deur ’n geneesheer voorgeskryf.

Moet nie die aanbevole dosis oorskry nie.

Moet nie die maksimum dosis van hierdie produk vir langer as 2 weke neem nie, behalwe op advies en onder toesig van ‘n geneesheer.

NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:

Magnesiumkarbonaat and Magnesiumtrisilikaat: Kan diarree veroorsaak. Die vrystelling van koolsuurgas kan ongemak veroorsaak. Hipermagnesemia kan voorkom indien die nierfunksie belemmer is. Kan die absorpsie van ander medisyne beïnvloed as dit gelyktydig geneem word.

Natriumbikarbonaat: Kan maagkrampe en winderigheid veroorsaak.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSEERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN: Sien “Newe-effekte en Spesiale Voorsorgmaatreëls”. Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

IDENTIFIKASIE: ‘n Wit suspensie met kenmerkende pepperment smaak en geur.

AANBIEDING: 100ml, 200ml, 350ml, 500ml and 2,5l plastiese houers.

BERGINGSAANWYSINGS: Berg benede 25°C.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER: E/11.4.1/1263

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE APPLIKANT:

Resmed Healthcare,

Rochdaleweg 71, Springfield Park, Durban, 4051

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:20/01/1994